



TOERISME

GRAAD 12

HERSIENINGSVRAE ANTWOORDE

TERM 3

**ONDERWERP: KULTUUR EN ERFENIS
INHOUD: WÊRELDERFENISTERREINE**

Al die antwoorde in hierdie dokument is uit vorige DBE NSS en ECDoE provinsiale eksamen- nasienriglyne verkry.

Hierdie dokument bestaan uit 18 bladsye.

ONDERWERP: KULTUUR EN ERFENIS
INHOUD: WÊRELDERFENISTERREINE

NOV 2014 NSS
VRAAG 5

- 5.1 5.1.1 (a) **A** - Kaapse Blommestreek/Koninkryk✓
B - Robbeneiland✓ (2)
- (b) Wes-Kaap✓ (*moenie Westelike provinsie aanvaar nie*) (1)
- 5.1.2 (a) Mapungubwe Kulturele Landskap✓ - 4✓ (2)
- (b) iSimangaliso Vleilandpark✓ - 7✓
(moenie St Lucia Vleilandpark aanvaar nie) (2)
- 5.2 5.2.1 'n Uitstekende voorbeeld van 'n landskap wat 'n belangrike fase in die menslike geskiedenis van die Nama-mense illustreer.✓✓
 Uitstekende voorbeeld van tradisionele menslike vestiging/ grondgebruik verteenwoordigend van die Nama-kultuur wat kwesbaar geword het te midde van die invloed van modernisering.✓✓
- Die kulturele terrein beskerm die lewende erfenis van die Nama mense. (4)
- 5.2.2 'n Toestroming van besoekers wat die terrein besoek, sal verhoogde toerisme-inkomste vir die provinsie tot gevolg hê.✓✓
- 'n Gevoel van eienaarskap/trots op die erfenis sal tussen die plaaslike Nama-mense ontwikkel.
 - Inkomste wat in die area gegeneer word, sal lei tot beter lewenskwaliteit vir die plaaslike gemeenskap.
 - Ekonomiese inspuiting wat almal sal bevoordeel.
 - Die vermenigvuldigereffek vind plaas – werk word geskep.
 - Die Namamense stel hulle kultuur ten toon.
 - Vennootskappe word deur belanghebbendes gevorm (2)

NOV 2015 NSS
VRAAG 5

5.1

		WORLD HERITAGE SITE 1	WORLD HERITAGE SITE 2
5.1.1	Full official name	(a) iSimangaliso Vleiland Park✓ <i>Nota: Moenie slegs 'iSimangaliso' aanvaar nie</i>	(b) Kaapse Blomme Koninkryk✓ • Kaapse Blommestreek
5.1.2	Type of World Heritage Site	(a) Natuurlike✓	(b) Natuurlike✓

5.2 Dit is 'n ongewone natuurverskynsel, byvoorbeeld leerskilpaaie wat na ± 30 jaar terugkeer na dieselfde broeiplek waar hulle gebore is om eiers te kom lê. ✓✓

- Die leerskilpaaie is 'n unieke en sensitiewe besienswaardigheid wat waarde tot die Wêrelderfenisterrein toevoeg.
- Die leerskilpaaie is 'n bedreigde spesie en is dus 'n sensitiewe toerisme bron wat beskerm moet word.
- Die leerskilpaaie keer altyd terug na KwaZulu-Natal om nes te maak. (2)

5.3

5.3.1 Die fynbos-spesie word slegs in hierdie deel van Suid-Afrika aangetref, die enigste habitat vir hierdie flora in die wêreld. ✓✓

- Dit is een van die biodiversiteitskernpunte van die wêreld.
- Die protea is Suid-Afrika se nasionale blom en sy habitat moet beskerm word.
- Sekere Fynbos-, Protea-, Erica- en Renosterveld spesies is bedreig en groei slegs in hierdie sensitiewe habitat.
- Fynbos is gehard, selfs wanneer dit deur vure bedreig word. (2)

5.3.2 Ingryping as bedreig word deur faktore soos swak bestuur, eksterne faktore soos droogte, vloede en vuur. ✓✓

- Wêreld Erfenisterreine word jaarliks deur 'n UNESCO-komitee hersien om vas te stel of die terreine steeds aan die kriteria voldoen.
- Maak seker dat die terrein nie beskadig is nie en korrek beskerm word.
- Bevorder die terrein deur dit op UNESCO se webblad te hê.
- Bevorder die terrein deur hulle banier op die terrein te vertoon. (2)

**NOV 2016 NSS
VRAAG 5**

- 5.1 Limpopo✓✓ (2)
- 5.2 Mapungubwe Kulturele Landskap✓✓
• Mapungubwe
• A (2)
- 5.3 Handeldryf✓✓
• Verhandelinge van goedere / ruilhandel
• Boerdery / jag / mynbou / vervaardiging van artefakte en gereedskap
- LET WEL:** Enige voorbeeld moet aan 'n ekonomiese aktiwiteit gekoppel word. (2)
- 5.4 Volgehoue monitering om Wêrelderfenisstatus te behou.✓✓
Verskaf ondersteuning met bestuursplanne.✓✓
• Bystand met opgradering van fasiliteite in geval van 'n onvoorsiene gebeurtenis.
• Finansiële bystand word verskaf in gevalle waar onvoorsiene gebeurtenisse plaasvind.
• Tree in gesprek met betrokke belanghebbendes wanneer die Wêrelderfenisterreine bedreig word.
• Opvoeding / Skep bewustheid
• Bevorder samewerking en ontwikkeling.
• Moedig mense aan om terreine te nomineer wat op die Wêreld Erfenis Terreine se lys ingesluit moet word.
• Ondersteun lande om openbare bewustheid vir die beskerming van Wêreld Erfenis Terreine te vestig.
• Moedig die plaaslike gemeenskap aan om hulle kulturele en natuurlike erfenis te bewaar. (4)

NOV 2017 NSS
VRAAG 5

- 5.1 Kaapse Blommestreek / Kaapse Blommeryk ✓✓
Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap ✓✓

Let wel: Aanvaar enige volgorde. Moenie punte toeken vir “Richtersveld of Blommestreek” alleenlik nie. (4)

- 5.2 Weskaap ✓ en Noordkaap ✓

Let wel: Aanvaar enige volgorde (2)

- 5.3 Albei WET bevat uitstaande voorbeelde van natuurskoon en unieke plantspesies wat vir die nageslag bewaar moet word. ✓✓
- Albei terreine is biodiversiteit 'hotspots'.
 - Albei terreine bevat plantspesies wat uniek is aan die streek en aan Suid-Afrika.
 - Albei terreine voldoen aan die UNESCO kriteria vir die toekenning van Wêrelderfenisstatus. (2)

- 5.4 Stel die land ten toon as 'n land ryk aan natuurskoon en 'n tuiste vir unieke biodiversiteit. ✓✓
- Bemark Suid-Afrika as 'n uiters aantreklike, voorkeur toeristebestemming vir diegene wat op soek is na 'n unieke ervaring of wat in biodiversiteit 'hotspots' belangstel. ✓✓
- Lok internasionale media belangstelling – publisiteit vir SA.
 - Beklemtoon Suid-Afrika se biodiversiteit
 - Hoër besoekergetalle by hierdie terreine sal Suid-Afrika se BBP verhoog.
 - Hoër besoekergetalle sal die vermenigvuldigereffek in werking stel.
 - Moedig buitelandse belegging aan (4)

NOV 2018 NSS
VRAAG 5

5.1 5.1.1 Noordkaap✓ (1)

5.1.2 Kultuur✓ (1)

5.2 Die #Khomani San stamme woon steeds in hierdie omgewing en hulle beoefen steeds sekere van hulle oeroue kulturele tradisies.✓✓ (2)

5.3 Verbeterde lewenskwaliteit

'n Toename in toerismegetalle sal groter inkomste tot gevolg hê en gevolglik kan hulle geld bestee aan basiese noodsaaklikhede om hulle lewenskwaliteit te verbeter.✓✓

- Met die #Khomani Kulturele Landskap wat 'n Wêreld Erfenisterrein geword het, sal daar 'n toename in die aantal toeriste wees wat hierdie area besoek, wat 'n groter inkomste vir die mense sal beteken..
- Verhoogde inkomste sal armoede in hierdie landelike deel van Suid-Afrika verlig en hulle lewenskwaliteit verbeter.
- Werkskepping. (2)

Kultuurtrots en volhoubaarheid

Omdat tradisionele praktyke wat uit die tye van die oerwoner dateer, steeds toegepas word, sal hulle hul kultuur kan bewaar.✓✓

- Hulle kultuur het aan hulle Wêreld Erfenisstatus gegee, so hulle sal nou hulle kulture beskerm en trots daarop wees.
- Hulle sal die terrein volhoubaar bestuur en ook hulle kultuur beoefen omdat dit 'n besienswaardigheid is wat vir hulle 'n inkomste verdien en toeriste na hierdie landelike deel van Suid-Afrika bring.. (2)

Toeganklikheid tot infrastruktuur

Die #Khomani mense sal ook nou deel in en voordeel trek uit die opgradering van infrastruktuur as gevolg van die toename in besoekersgetalle en 'n verhoogde belangstelling om die nuwe Wêreld Erfenisterrein te besoek.✓✓

- Toename in besoekersgetalle na die Wêreld Erfenisterrein sal die vraag na toerisme-infrastruktuur en ondersteuningsdienste aanwakker wat die vermenigvuldigingseffek in werking sal stel vir die streek. (2)

Paragraaf formaat

Volledige, goed-saamgestelde sinne is gebruik, geskryf as 'n volledige paragraaf sonder kolpunte ('bullets') of nommers.✓ (1)

**NOV 2019 NSS
VRAAG 5**

- 5.1 Mpumalanga✓✓ (2)
- 5.2 Die roete sal toeriste op 'n reis deur 'n antieke tydperk neem na plekke van geologiese belang en uitkykpunte.✓✓
Deur die roete te volg, verseker dit dat toeriste al die plekke van belang sal besoek.✓✓
- Die roete bevat interpretasiepanele met genoegsame inligting.
 - Toeriste kan die roete op hulle eie tyd verken.
 - Die Genesis Roete bestaan uit 'n bestaande, gevestigde roete.
 - Die roete gee maklike toegang tot alle terreine.
 - Die roete kan in een dag afgelê word.
 - Daar is heelwat aktiviteite op die Genesisroete waaraan toeriste kan deelneem.
- (4)
- 5.3 Dit sal toegang tot die besienswaardigheid belemmer en daarom word besoekersgetalle beperk.✓✓
Die swak toestand van paaie kan veroorsaak dat toeriste hulle besluit om na die besienswaardigheid terug te keer, heroorweeg.✓✓
- Dit kan toeriste aanmoedig om 'n ander besienswaardigheid te gaan besoek.
 - Sluiting van paaie / herstelwerk kan toeriste verontrief.
 - Swak mondelinge publisiteit.
- (4)

FEB-MAART 2015 NSS
VRAAG 5

- 5.1 5.1.1 A – Mapungubwe Kulturele Landskap✓
 B – Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap✓
 C – Robbeneiland✓
 D – UKahlamba Drakensberg Park✓ (4)
- 5.1.2 A – Bevat bewyse van menslike kulturele aktiwiteite oor 'n tydperk wat lei na kulturele en maatskaplike veranderings tussen 900 AD en 1300 AD.✓✓
 • Oorblyfsels in die omgewing dien as bewyse vir die groei en afname in die kulture/beskawings wat in die Mapungubwe Staat bestaan het.
 • Mapungubwe het as 'n kragtige handelstaat deur Oos-Afrika hawens met Arabië en Indië gedien.
 • Die oorblyfsels wat gevind is dui op die invloed van klimaatsverandering en op die groei en aftakeling van die Mapungubwe Koninkryk. (2)
- C – Geboue op Robbeneiland dien as bewyse van ons geskiedenis.✓✓
 • Robbeneiland simboliseer vryheid en demokrasie oor verdrukking wat uit ons geskiedenis van Apartheid voortspruit en wat van universele belang is.
 • Gevangensterrein waar Nelson Mandela vir 20 jaar aangehou is. (2)
- 5.2 Invloei van besoekers aan die provinsies om Wêreld Erfenis Terreine te besoek sal tot verhoogde toeriste inkomste lei.✓✓
 'n Gevoel van eienaarskap/trots op die erfenis binne die plaaslike gemeenskap. ✓✓
 Opwaartse groei in ekonomiese aktiwiteite lei tot verhoging in die BBP, wat vir alle ondernemings in die omgewing voordelig is..✓✓
 • 'n Toename in besoekersgetalle sal die vermenigvuldigereffek laat plaasvind.
 • Moedig nouer samewerking aan tussen alle belanghebbendes.
 • Verhoogde besoekergetalle sal nuwe werkseleenthede tot gevolg hê as gevolg van 'n verhoogde vraag na dienste. (6)

FEB-MAART 2016 NSS
VRAAG 5

- 5.1 A Die Wieg van die Mensdom✓
B Die Vredefortkoepel✓ (2)
- 5.2 Noordwes✓✓ (2)
- 5.3 Verhoog die bemerkbaarheid van die TWEE besienswaardighede en Noordwes as 'n bestemming. ✓✓
- Hierdie TWEE terreine word primêre besienswaardighede met sekondêre besienswaardighede wat ook gedurende die reis besoek word.
 - Meer toeriste stel belang om hierdie twee terreine te besoek omdat dit van belang is vir die hele mensdom en dus 'n toename in die vraag na toerisme in Noordwes te weeg bring.
 - Verhoging in toerisme inkomste en plaaslike voordele omdat daar 'n vraag is na aandenkings en ander produkte en dienste.
 - Meer werkseleenthede word geskep om die toevloei van toeriste na die Noordwes die areas waar die Wêrelderfenisterreine geleë is, te hanteer.
 - Toerismeontwikkeling in hierdie landelike grensareas.
 - Oorgrensvoordele vir Noordwes van toeriste na hierdie Wêrelderfenisterreine in Gauteng en die Vrystaat. (2)
- 5.4 'n Meteoriet het die aarde duisende jare gelede getref en die grootste meteoriete impakterrein ter wêreld veroorsaak.✓✓
- Binne en buite sirkels is veroorsaak deur die geweldige krag vanaf die buitenste ruimte ('n meteoriet) wat die oppervlak van die aarde getref het. (2)
- 5.5 Die vroegste fondse van menslike fossiel oorskot is duisende jare later in ondergrondse grotte ontdek. ✓✓ (2)

**FEB-MAART 2017 NSS
VRAAG 5**

- 5.1 San ✓✓ (2)
- 5.2 Die San het baie besonderse voorbeelde van rotskuns dwarsoor die uKhahlamba-Drakensbergpark – omgewing nagelaat. ✓✓
• Nalatenskap van 'n kulturele groep se leefwyse in kunsvorm.
• Rotskuns muurtekeninge het die geskiedenis van 'n kulturele groep wat baie jare gelede bestaan het, openbaar gemaak. (2)
- 5.3 5.3.1 Dit is 'n gemengde Wêreld Erfenisterrein
Dit voldoen aan beide natuurlike en kulturele kriteria. ✓✓ (2)
- 5.3.2 Natuurlike – die unieke bergwildernishabitat ✓
• Natuurlike grotte in die berge
Kulturele – beskerm die San erfenis ✓
• Antieke rotskuns
• Bewyse van menslike bewoners in die grotte in die vorm van San rotskuns. (2)
- 5.4 Toeriste wat aan sekere avontuuraktiwiteite in die park wil deelneem, moet 'n reddingsregister voltooi by sekere toegangspunte na die park. ✓✓
Opgeleide gidse sal toeriste na uKhahlamba neem om hulle veiligheid te verseker. ✓✓
• Avontuur toeroperateurs vergesel toeriste wanneer hulle aan aktiwiteite soos abseil en rots- en bergklim wil deelneem en gebruik dan die nodige veiligheidstoerusting.
• Voldoende inligtingsborde is opgerig en toeriste word aangeraai om aangewese voetpaaie te gebruik. (4)

FEB-MAART 2018 NSS
VRAAG 5

- 5.1 5.1.1 E ✓✓ (2)
- 5.1.2 B ✓✓ (2)
- 5.1.3 C ✓✓ (2)
- 5.1.4 A ✓✓ (2)
- 5.1.5 F ✓✓ (2)
- 5.2 5.2.1 Oos-Kaap✓ and Mpumalanga✓ (2)
- 5.2.2 Terreine moet van uitstaande universele waarde wees.✓✓
 Terreine moet aan ten minste een van UNESCO se tien kieskriteria voldoen.✓✓ (4)
- 5.2.3 Mapungubwe Kulturele Landskap ✓✓
 • Ukahlamba Drakensberg Park
 • Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap
 • Khomani San Kulturele Landskap
 • Wieg van die Mensdom
 • Robbeneiland (2)
- LET WEL: Slegs die korrekte amptelike naam van die WET moet aanvaar word.*
- 5.2.4 Sal meer spesiale belangstellingstoeriste na Suid-Afrika lok.✓✓
 Meer internasionale blootstelling/publisiteit vir Suid-Afrika.✓✓
 • Verhoogde besoekersgetalle na die provinsie/omgewing waar die nuwe WET geleë is..
 • Plaaslike tradisies en kulture by die nuwe terrein sal ten toon gestel word..
 • Meer geleenthede vir entrepreneurskap by die nuwe terrein.
 • Vermenigvuldigereffek sal in werking tree.
 • Verhoging in die BBP.
 • Meer terreine van belang word beskerm vir die nageslag.
 • Werkseleenthede word geskep.
 • Positiewe invloed op geologiese verspreiding. (4)

MEI-JUNIE 2018 NSS**VRAAG 5**

- 5.1 Kulturele Wêreld Erfenisterrein ✓
 • Kulturele (1)
- 5.2 Limpopo ✓ (1)
- 5.3 UNESCO was verantwoordelik om die terrein as 'n Wêrelderfenisterrein te verklaar. ✓✓
 • Dit is deur UNESCO as 'n Wêrelderfenisterrein opgeteken.
 • UNESCO is die beheerliggaam van hierdie terrein.
 • UNESCO kan gekontak word met betrekking tot die terrain.
 • Gee aan die terrein status en kredietwaardigheid. (2)
- 5.4 Bewyse van 'n vroeë menslike vestiging in die vorm van 'n koninkryk insluitend paleise, is ontdek. ✓✓
 'n Gevorderde vroeë beskawing met bewyse van gereedskap uit die Ystertydperk en artefakte wat op ekonomiese voorspoed dui. ✓✓
 • Bewyse van handel as 'n ekonomiese aktiwiteit. (4)
- 5.5 Die nageslag sal 'n inkomste verdien uit toeristegidswerk of ander ekonomiese aktiwiteite by Mapungubwe Kulturele Landskap. ✓✓
 Dit spoor die geskiedenis van menslike ontwikkeling na vanaf die ystertydperk tot die huidige – wat die nageslag in staat stel om 'n terugskouing oor die verlede te hou en om vir die toekoms te kan beplan. ✓✓
 • Dit kan as 'n bron vir wetenskaplike studie deur die nageslag gebruik word en die ontwikkeling van vaardighede. (4)

MEI-JUNIE 2019 NSS**VRAAG 5**

- 5.1 A ✓ (1)
- 5.2 C ✓ (1)
- 5.3 KwaZulu-Natal ✓ (1)
- 5.4 Kaapse Blommeryk ✓ (1)
- 5.5 Die land behoort aan die voorouers van die nomadiese (rondtrekkende) Nama kultuurgroep. ✓✓ (2)
- 5.6 5.6.1 Mapungubwe Kulturele Landskap ✓ (1)
- 5.6.2 Wieg van die Mensdom ✓
 • Fossiel Hominide Terrein
 • Sterkfontein grotte (1)
- 5.7 iSimangaliso het natuurlike flora, fauna en mariene biodiversiteit ✓✓ waar die Kaapse Blommeryk slegs oor blom-biodiversiteit beskik. ✓✓ (4)

SEPT 2014 EC
VRAAG 5

- 5.1 Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie (United Nations Educational, Scientific and Cultural Organisation) ✓✓ (2)
- 5.2 5.2.1 beskerm ✓
- 5.2.2 bewaar ✓ (2)
- 5.3 Wieg van die Mensdom ✓
- Die Fossielhominied-terrein in Sterkfontein, Swartkrans, Kromdraai en Omgewing Kultuurterrein
 - Sterkfonteingrotte (1)
- 5.4 Mrs Ples ✓
- Taung Kopbeen
 - Little Foot (1)
- 5.5 Kaapse Blommeryk/Kaapse Floristiese Streek/Kaapse Blommeryk Beskermde Streke ✓
- iSimangaliso Vleilandpark ✓
- Vredefortkoepel (2)
- 5.6 (b) ✓✓
- 'n Unieke, of ten minste buitengewone, getuienis wees van 'n kulturele tradisie of 'n samelewing wat tans bestaan of verdwyn het. (2)
- 5.7 Nasionale en internasionale erkenning van die terrein, sal die besoekersgetalle laat styg. ✓✓
- Die groei in besoekersgetalle sal werksgeleenthede vir die plaaslike inwoners van die toerisme-gemeenskap skep. ✓✓
- Toerisme sal beleggings in infrastruktuur stimuleer/aanmoedig, bv. paaie.
 - Toerisme sal lei tot ekonomiese groei in beide die area en vir sy gemeenskap.
 - Die instroming van toeriste sal 'n bewusmaking van die terrein aanwakker asook die bewaring daarvan as Wêrelderfenisterrein.
 - Toerisme sal alternatiewe inkomste geleenthede vir die gemeenskap wat in en om die beskermde area woon skep (entrepreneurskap), bv. verkoop van plaaslik vervaardigde produkte.
 - Toerisme sal inkomste genereer deurdat daar 'n aanvraag sal wees vir produkte en dienslewering, bv. akkommodasie, vervoer, toegangsfooi, spyseniering (kos en drank).
 - Groter toeriste-inkomste kan armoede verlig deur die aanmoediging van besigheidsontwikkeling, werkskepping en die verbetering van plaaslike dienste. (4)

**SEPT 2015 EC
VRAAG 5**

- 5.1 A Die Wieg van die Mensdom ✓
- Die Fossilhominied-terrein van Sterkfontein, Swartkrans, Kromdraai en die omliggende gebiede, en die Makapan-vallei en Taung-skedel-fossilterrein.
 - Die Sterkfontein Grotte
- B Robbeneiland ✓ (2)
- 5.2 Sulke terreine het uitstaande universele natuurlike, kulturele of historiese waarde. ✓✓ (2)
- Sulke terreine voldoen ten minste aan een van UNESCO se tien keuringskriteria.
- 5.3 Die Vredefortkoepel-landskap, met 'n radius van 190 km was gevorm deur die impak van 'n massiewe meteoriet wat die aarde meer as twee duisend miljoen jaar gelede getref het. ✓✓
- Dit is die oudste, grootste en diepste verweerde meteorietkrater ter wêreld. ✓✓
- Daar word beraam dat die meteoriet 10 km in omtrek was en dit 'n skeur van 300 km in omtrek, wat strek vanaf Johannesburg tot Welkom, gemaak het.
 - Die Vredefortkoepel word beskou as een van die grootste en oudste, duidelik sigbare meteoriet-impakterreine op die Aarde. (4)
- 5.4 Gedurende die Ystertydperk, was die antieke koninkryk van Mapungubwe die grootste in Suider-Afrika. ✓✓
- Die Koninkryk van Mapungubwe was 'n florerende stad en het handel gedryf in goud en ivoor met China, Indië en Egipte. ✓✓
- Dit blyk dat al die inwoners van die koninkryk in die 1400's weggetrek het en paleise en nedersettings agtergelaat het..
 - Daar word geglo dat klimaatsverandering dit baie moeilik gemaak het om te oes en diere te voed. Dit is moontlik 'n oorsaak waarom die beskawing weggetrek het. (4)

**SEPT 2016 EC
VRAAG 5**

- 5.1 Robben-eiland✓ (1)
- 5.2 Weskaap✓ (1)
- 5.3 Dit is 'n plek met uitstaande natuurlike, kulturele of historiese waarde en het internasionale erkenning van UNESCO ontvang. ✓✓
• Dit is 'n plek wat aan ten minste een van UNESCO se tien seleksiekriteria voldoen. (2)
- 5.4 Geboue op Robben-eiland is hartroerende bewyse van ons geskiedenis. ✓✓
Robben-eiland en die tronkgeboue is 'n simbool van vryheid van verdrukking en demokrasie.. ✓✓
• Geboue op Robben-eiland is op verskillende tye tussen die 17de en 20ste eeu as 'n tronk, 'n hospitaal vir sosiaal onaanvaarbare groepe en 'n militêre basis gebruik.
• Tronk waar Nelson Mandela vir 20 jaar aangehou was.
Let wel: Geen punte vir direkte aanhalings uit die stuk tensy dit nie gestaaf word nie.. (4)
- 5.5 Die terrein ontvang nasionale en internasionale erkenning wat tot verhoogde besoekersgetalle sal lei. ✓✓
• Verhoogde besoekersgetalle lei tot werkskepping in toerisme besighede.
• Toerisme sal 'n inkomste genereer as gevolg van 'n aanvraag vir produkte en dienste bv. verblyf, vervoer, toegangsgelde, kos, drinkgoed, ens.
• Verhoogde toeriste getalle sal die vermenigvuldigereffek in werking stel. (2)

SEPT 2017 EC
VRAAG 5

- 5.1 **A** – Mapungubwe Kulturele Landskap✓
B – Kaapse Blommeryk (2)
- 5.2 5.2.1 Kulturele terrein✓ (1)
- 5.2.2 Die mense wat in Mapungubwe gebly het is deur klimaatsverandering geaffekteer en het verhuis uit die gebied. ✓✓
 • Die gebied toon bewyse van die groei en afname van die Mapungubwe-ryk. (2)
- 5.3 5.3.1 Fynbos ✓✓
Proteas (2)
- 5.3.2 Uitheemse spesies se voortplantingsiklus is vinnig en dit maak inbreuk op groot gebiede van die terrein wat die voortbestaan van die fynbos bedreig. ✓✓
 • Uitheemse spesies kompeteer met inheemse plantsoorte vir water en lig.
 • Uitheemse spesies sal die natuurlike balans van die Kaapse Blommeryk steur.
 • As die Kaapse Blommeryk deur uitheemse spesies oorstroom word sal miljoene rande in toerisme-inkomste verloor word wat 'n negatiewe impak op werkskepping sal hê. (2)
- 5.4 Die terreine kry nasionale en internasionale erkenning wat sal lei tot 'n toename in besoekersgetalle. ✓✓
 • 'n Toename in toeristegetalle sal tot werkskepping lei as gevolg van die toename in aanvraag om dienste.
 • Toerisme sal, as gevolg van 'n aanvraag om dienste en produkte, 'n inkomste genereer bv. verblyf, vervoer, toegangsgelde, voedsel, drank ens.
 • 'n Toename in besoekersgetalle sal die vermenigvuldigereffek in werking stel.
 • Lewensstandaarde sal verbeter deur geld wat direk of indirek deur toerisme verdien word.
 • Daar sal 'n toename in ekonomiese aktiwiteite wees wat tot verhoogde BBP sal lei en toerismebesighede in die gebied sal bevoordeel word. (4)

SEPT 2018 EC
VRAAG 5

- 5.1 Noord-Kaap ✓✓ (2)
- 5.2 Botswana ✓
Namibië ✓ (Enige volgorde) (2)
- 5.3 Hulle respekteer die omgewing deur slegs items wat vervang kan word en slegs wat hulle benodig te neem. ✓✓
Hulle is uitstekende spoorsnyers. ✓✓
(Voorbeelde sluit in: As 'n trop diere opgespoor word sal hulle onmiddellik die rigting en sterkte van die wind toets deur 'n handvol stof in die lug op te gooi / as die grond gestroop en kaal is kruip die jagters op hulle mae, soms met 'n klein bossie vasgehou voor hulle)
- Hulle maak diere met 'n pyl en boog dood deur van plante of slanggif gebruik te maak.
 - Hulle het baie kennis oor die gebruik van plante vir medisinale doeleindes.
 - Hulle het die vaardigheid ontwikkel om eetbare plante vir kos te versamel, bv eetbare sampioene, plantbolle, bessies en tsamma waatlemoentjies.
 - Hulle het vaardighede ontwikkel om water, wat 'n skaars hulpbron is, te gebruik. (Voorbeelde sluit in: Hulle versamel water deur plantwortels te skraap en uit te druk / as hulle jag of reis grawe hulle gate in die sand om water te kry / hulle dra water in 'n volstruis- eierdop).
- (4)
- 5.4 Bied aan besoekers begeleide natuur en erfenisroetes met San gidse en spoorsnyers. ✓✓
Ontwikkel verblyfplek wat in besit van die gemeenskap is om nasionale en internasionale besoekers te huisves. ✓✓
- Verkoop handwerk gemaak uit natuurlike en plaaslik versamelde materiaal soos volstruiseierdop, been en hout.
 - Bied tradisionele kulturele dansoptredes.
 - Bied tradisionele storievertel deur ouer lede van die gemeenskap.
 - Leer besoekers oor die tradisionele kultuur en leefwyse van die San.
 - Bied besoekers die geleentheid om aan pyl en boog skiet deel te neem, maak van handwerk en tradisionele speletjies.
 - Bied besoekers die geleentheid om saam met ervare San jagters te jag.
 - Bied donkiekarritte aan besoekers.
- (4)

**SEPT 2019 EC
VRAAG 5**

- 5.1 Mpumalanga ✓ (1)
- 5.2 Natuurlik ✓✓ (2)
- 5.3 5.3.1 Kriteria viii ✓✓
 “Om uitstaande voorbeelde van die hoofstadiums in die aarde se geskiedenis te wees, insluitend die opteken van lewe, beduidende voortdurende geologiese prosesse in die ontwikkeling van landvorme of beduidende geomorfiese of fisiografiese kenmerke.” (2)
- 5.3.2 Die terrein bevat van die wêreld se oudste vulkaniese en sedimentêre rotse. ✓✓
 Die terrein bevat van die wêreld se bes bewaarde vulkaniese en sedimentêre rotse.. ✓✓
- Die terrein lewer bewyse van die aarde se lewensvorme.
 - Die terrein lewer die vroegste bewyse van die manier waarop die vastelande gevorm is.
 - Die fisiese en chemiese eienskappe van die rotse bied 'n ongekende bron van wetenskaplike inligting oor die vroeë Aarde.. (4)
- 5.4 5.4.1 Die terrein sal nasionale en internasionale erkenning kry wat tot 'n toename in besoekersgetalle sal lei. ✓✓
 'n Toename in besoekers na die terrein sal tot verhoogde toerismeinkomste lei. ✓✓
- 'n Toename in besoekersgetalle sal tot werkskepping lei as gevolg van 'n toename in die aanvraag na dienste.
 - 'n Toename in besoekersgetalle sal die vermenigvuldigereffek in werking stel.
 - Daar sal 'n toename in ekonomiese aktiwiteite wees wat tot verhoogde BBP sal lei en daardeur sal die toerismebesighede in die omgewing bevoordeel word.
 - Vennootskappe sal tussen die verskeie rolspelers gevorm word.
 - Die gebied kan buitelandse belegging lok. (4)